

Sing vooraf staande: Psalm 119:9, 10 (p. 587)

- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae / haas in kammernis versink.
- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:1, 2 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Psalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade in eewge skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Skriflesing: Johannes 6:41-59; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 35

Kernvers: Johannes 6:53-55

Maar Jesus sê vir hulle: “Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.

(Johannes 6:53-55 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 35

Die heilige nagmaal

Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het dié wat weergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in

die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God. So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou, het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus. Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as 'n teken van sy bloed ingestel.

Hy gee ons daarmee dit te kenne: so waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink en dit daarna ons lewe in stand hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof – dit is die hand en die mond van ons siel – die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser.

Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakrament vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie.

Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet. Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siele as ons sy liggaam eet, en hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink.

Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die towenaar albei wel die sakrament ontvang maar nie Christus, wat daardeur voorgestel word, nie; Hy word slegs aan die gelowiges gegee.

Ten slotte, ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen. Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel eet en drink as hy van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink nie (1 Kor 11:29). Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg. Daarom verwerp ons alle brouels en verwerplike versinsels wat mense by die sakrament byvoeg en daarmee vermeng het, as ontheiligings daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het, en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het.

Matt 26:26; Mark 14:17; Luk 22:19; 1 Kor 11:24, 28; Joh 3:6; 10:10; 5:25; 6:48, 51, 63; 1 Kor 10:16, 27; Efes 3:17; Joh 6:35; Hand 3:21; Mark 16:14; Matt 26:11; 1 Kor 10:3-4; 11:29; Rom 8:22; 2 Kor 6:15; 1 Kor 2:14; Hand 2:42; 20:7.

Tema: Met die mond van die siel – met die geloof – eet en drink ons
Christus se liggaam en bloed

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, tussen die Gereformeerdes en die Anabaptiste was die doop die skerp punt van verskil. Die nagmaal was ook 'n skerp punt van verskil tussen die Gereformeerdes en die Roomse Kerk gedurende die Reformasie. Daarom is ons belydenis oor wat die nagmaal is en beteken so uitgebreid in ons Nederlandse Geloofsbelydenis en in ons Heidelbergse Kategismus. In Sondag 28 bely ons onder andere hoe ons Gereformeerdes die nagmaal verstaan op grond van wat die Here aan ons openbaar. Maar om net te sê hoe ons die nagmaal verstaan, is nie altyd genoeg nie.

Gedurende die Reformasie was dit beslis nie genoeg nie, want die Roomse Kerk het nie sommer gelate aanvaar wat die Gereformeerdes geleer het nie. Boonop was al die Gereformeerde lidmate in die tyd van die Reformasie ook eers Roomse lidmate voordat hulle Gereformeerde geword het. Daarom was dit uiters noodsaaklik dat die gereformeerde verstaan van die nagmaal ook verdedig word sodat die Gereformeerdes self in staat kon wees om hulle geloof aangaande die nagmaal te verdedig.

Hierdie verdediging is veral toegespits op die Roomse Kerk, aangesien daar 'n ingrypende verskil tussen die Protestantse en Roomse beskouing van die nagmaal is. Met die Protestante word die Gereformeerdes sowel as die Lutherse gelowiges bedoel. Tussen die Gereformeerdes en die Lutherse gelowiges is daar ook verskil oor die nagmaal. Die Lutherse Kerk verstaan dat Christus liggaamlik ook in, met en onder die brood en die wyn teenwoordig is. Ons Gereformeerdes glo en bely egter dat Christus as ware mens tans net op een plek is en dit is aan die regterhand van ons Vader in die hemel. As ware God is Christus egter alomteenwoordig ook by ons nagmaalviering.

Maar wanneer dit kom by die Roomse siening van die nagmaal staan die Lutherse en Gereformeerdes saam as Protestante teen die transsubstansiasieleer van die Roomse Kerk. Nou moet ons egter nie dink dat ons belydenis oor die nagmaal net bedoel is om ons van die Roomse Kerk te onderskei nie. Ons moet partymaal ook vandag ons siening van die nagmaal teen ons eie verkeerde idees van die nagmaal verdedig. Dit kan tog so maklik gebeur dat 'n mens die nagmaal soos 'n gewone maaltyd wil beskou waarvan jy kan wegbly as jy nie lus het om dit te vier nie. Of ons kan die nagmaal sien as hierdie een besondere erediens elke drie maande wat ek ten alle koste moet bywoon, want dit is belangriker as ander eredienste. Laat ons dan deur die Heilige Gees onderrig word sodat ons ons siening oor die nagmaal ook kan verdedig. Ons begin om eers te kyk wat die brood en wyn *nie* beteken *nie*.

Ons noem die Roomse nagmaalbeskouing die transsubstansiasieleer. Daarmee word die volgende bedoel: Sodra die priester by die nagmaal sê: *Dit is my liggaam ...*, en *Dit is my bloed ...*, verander die brood en wyn oombliklik in die werklike liggaam en bloed van Christus. Die wese of substansie van die brood en wyn verander. Die brood en wyn het nog die uiterlike kenmerke van brood en wyn. Dit lyk en proe nog soos brood en wyn, maar in wese het dit verander in die werklike liggaam en bloed van Christus. Iemand het eenkeer gesê dit lyk so asof die woorde: *Dit is my liggaam ...*, en *Dit is my bloed ...*, 'n towerformule in die mond van die priester is, want die Roomse Kerk is so oortuig dat die brood en wyn werklik die liggaam en bloed van Christus word dat hulle selfs die nagmaalsbrood en -wyn aanbid.

Let nou op watter gevolge hierdie siening vir die lidmate in die Roomse Kerk het. Die lidmate mag nie self die brood neem en eet nie; die priester neem dit en plaas dit op die tong van die lidmaat, terwyl hy 'n bakkie onder die mond van die lidmaat hou sodat daar nie 'n krummeltjie van Christus se liggaam op die grond val en verlore gaan nie. Die lidmate drink ook self geen wyn nie omdat daar geredeneer word dat daar in die stukkies liggaam van Christus wat hulle eet wel 'n bietjie bloed

teenwoordig is en dit is genoeg.

Waarop baseer die Roomse Kerk dan hierdie siening van hulle oor die nagmaal? Geliefdes, hulle baseer hulle siening net op die woordjie *is*. Omdat Christus by die instelling van die nagmaal gesê het: *Dit is my liggaam ...*, en *Dit is my bloed ...*, verstaan hulle die woordjie *is* letterlik.

Ons Gereformeerdes bely egter dat die brood en wyn by die nagmaal tekens en seëls is. Hierdie tekens word deur die Here gebruik om ons te leer dat Christus se kruisoffer ons enigste manier is waarop ons verlos word. Toe Christus die nagmaal ingestel het, het Hy inderdaad gesê: **Neem, eet, dit is my liggaam** (Matteus 26:26 AFR83), en: **Drink almal daaruit, want dit is my bloed** (Matteus 26:27-28 AFR83). Tog sê Hy direk na die instelling van die nagmaal ook hierdie woorde:

Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink (Matteus 26:29 AFR83).

Na die instelling van die nagmaal praat Christus nog steeds van die wyn as wyn en nie asof dit sy bloed is nie.

Christus en die apostels praat dus van die eet en drink van geestelike voedsel en drank. Ons Here Jesus se preek in Johannes 6 getuig hiervan. Johannes wys daarop dat die mense Jesus telkens verkeerd verstaan het omdat hulle sy woorde letterlik opneem. Toe Jesus gesê het dat Hy die tempel in drie dae sal oprig, het hulle gedink Hy praat van die tempel wat daar in Jerusalem gestaan het (Joh 2:20). Nikodemus het die wedergeboorte ook as 'n letterlike geboorte uit sy ma verstaan (Joh 3). Toe Jesus van die lewende water gepraat het, het die Samaritaanse vrou ook gedink dit is iets wat jy met jou mond kan drink (Joh 4:15). En as Jesus in ons gelese gedeelte praat van die eet van sy liggaam en drink van sy bloed, verstaan die Jode dit weer letterlik (Joh 6:52).

Ons kan nog een laaste grond noem hoekom ons die Roomse siening van die nagmaal afwys. Die hele Skrif leer dat slegs die wedergebore mense deel het aan die offer van Christus en daarom verseker word dat hulle van hulle sondes gereinig is en die ewige lewe het. Hierdie woorde van Christus in Johannes 6:

Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie (Johannes 6:35 AFR83), en: **Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe** (Johannes 6:63 AFR83),

is die merkers wat ons help om Johannes 6 en die nagmaal reg te verstaan. Dit wil sê, die mens wat die brood en wyn gelowig ontvang en eet en drink, het deel aan die offer van Christus.

Broers, susters en kinders, dit bring ons dan daarby om te sê wat die brood en wyn regtig beteken. As die woordjie *is* in die instellingswoorde van die nagmaal nie letterlik verstaan moet word nie, ontstaan die vraag: Hoe moet dit dan wel verstaan word? Christus sê tog duidelik van die brood: *Dit is my liggaam*, en van die wyn: *Dit is my bloed*.

Uit die gedeelte wat ons saam gelees het in Johannes word dit al duidelik dat die sakrament 'n eie aard het. Die eie aard van die nagmaal is daarin geleë dat die sigbare en tasbare tekens en seëls ons leer en verseker van die geestelike skatte wat Christus vir ons verwerf het. Christus verbind hierdie tekens en seëls so heg aan die geestelike skatte dat die tekens en die seëls die naam van die geestelike skatte dra en sodoende die geestelike waarde kry van dit wat daarmee afgebeeld en verseël word.

Aan die een kant is die brood en wyn heilige en sigbare tekens wat heenwys na Christus se liggaam en bloed. Met hierdie tekens leer Christus ons. En dan moet ons verstaan dat die brood en wyn maar

twee klein deeltjies is wat na 'n groter geheel verwys, naamlik na alle aardse lewensmiddele. Die brood en wyn in die nagmaal verwys na alle kos en drank. Soos brood en wyn as gewone kos ons voed en versterk sodat ons hier op aarde aan die lewe kan bly en ons werk kan doen, so voed en versterk die gekruisigde liggaam en gestorte bloed van Christus ons met die oog op die ewige lewe. Vir ons aardse lewe het ons aardse kos nodig, naamlik brood en wyn. Maar vir ons ewige lewe het ons geestelike en hemelse brood nodig, naamlik Christus se liggaam en bloed wat ons in die geloof ontvang, en eet en drink.

Christus leer in sy preek dat die Israeliete in die woestyn manna (brood) geëet het vir die instandhouding van die aardse lewe. Tog het hulle later gesterf. Daarteenoor is Jesus die ware brood wat uit die hemel neergedaal het. Wie van hierdie brood eet, sal vir ewig lewe. Die mens wat die nagmaal net as 'n gewone maaltyd beskou, sal by die nagmaal ook maar net die brood en wyn ontvang. Maar die gelowige wat waarlik die brood en wyn in die geloof neem en eet, ontvang Christus deur die Heilige Gees.

Geliefdes, soos wat Christus die brood en wyn as tekens gebruik waar dit as klein deeltjies na alle aardse lewensmiddele verwys, so praat ons vandag nog steeds. As ons 'n snytjie brood geëet het en iemand vra wat het jy geëet, sê ons ons het brood geëet, al het ons maar net 'n snytjie van die hele brood geëet. Of ons wys op 'n foto vir iemand anders: Hier is my pa en ma, terwyl die beelde op die foto slegs tekens is van jou pa en ma en nie regtig jou pa en ma in lewende lywe is nie. Daarom hoef die instelling van die nagmaal met brood en wyn as tekens van Christus se liggaam en bloed ook nie vir ons so vreemd te wees nie.

Tog is die brood en wyn meer as tekens waarmee Christus ons leer. Al het ons die beste tekens wat die sake waarna dit verwys op die duidelikste wyse afbeeld, maar ons het geen versekering nie, dan beteken daardie tekens vir ons net mooi niks. Daarom, aan die ander kant, het Christus juis die brood en wyn ook as seëls aan ons gegee om ons te verseker. Die brood en wyn dien as waarborge dat sy liggaam en bloed regtig vir ons geskeur en vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Ons bely dat die brood en wyn waarborge is waarmee Christus ons deur die werking van die Heilige Gees verseker dat ons aan sy liggaam en bloed deel kry. As ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang, wanneer ons bewustelik besef wat Christus vir ons aan die kruis gedoen het, ontvang ons deur die geloof Christus se liggaam en bloed. 'n Ander woord vir *waarborg* is *pand*. Die woord *pand* bring ons ook by die alledaagse lewe sodat ons nog beter kan verstaan. 'n Verloofring of 'n trouing word ook soms *pande* genoem, 'n *trouand*. Soos 'n verloofring en 'n trouing 'n waarborg of *pand* is van die gewer se trou – om werklik te doen wat beloof is – so is die brood en wyn ook waarborge of *pande* dat ons inderdaad deel het aan die verlossing van sondes deur die lyding en sterwe van ons Here Jesus Christus. In aansluiting hierby kan gesê word dat die probleem van die Roomse Kerk is dat hulle die trouing vir die bruidegom self aansien in plaas van die waarborg van die bruidegom se belofte van trou en genade.

In 1 Korintiërs 10 sê Paulus dat die wyn die gemeenskap met die bloed van Christus is. Die woord *gemeenskap* het die betekenis van onlosmaaklik aan mekaar verbonde wees. Op grond van hierdie woorde van die Heilige Gees dien die brood en wyn verder as waarborg. Wanneer ons gelowig die brood en wyn as heilige tekens en seëls ontvang en eet en drink, is ons in so 'n mate aan Christus se kruisiging en bloedstorting verbonde dat dit vir ons moet voel of onself vir ons sonde gely en gesterf het en ons skuld voor God betaal het. So seker maak die Heilige Gees ons van ons verlossing wanneer ons die brood en wyn as waarborge van Christus se beloftes en genade ontvang en gebruik.

Teenoor die mense wat dan die nagmaal as die een besondere erediens sien wat hulle moet

bywoon sonder om hulle aan die ander eredienste te steur, moet ons die volgende sê. Dit is nie net aan die nagmaaltafel wat ons deel kry aan Christus se liggaam en bloed nie. Elke mens wat waarlik glo dat Christus vir sy sondes aan die kruis gesterf en in sy wanhoop oor sy sondes sy toevlug tot Christus neem as sy enigste Verlosser, het daar en dan deur die werk van die Heilige Gees deel aan Christus se liggaam en bloed. En hierdie goeie boodskap word in elke erediens aan ons verkondig, nie net by die nagmaal nie.

Geliefdes, ons Here Jesus Christus het eenvoudige tekens van brood en wyn by die instelling van die nagmaal gegee. Met hierdie tekens leer Hy ons dat dit na sy liggaam en bloed verwys en nie self sy liggaam en bloed word nie. Die brood en wyn beeld egter nie net op die duidelikste wyse vir ons Christus se liggaam en bloed af nie. Hy het dit ook as waarborge of seëls aan ons gegee. So seker as wat die brood gebreek en die wyn in die beker vir ons gegee word, so seker kan ons weet sy liggaam is vir ons gebreek en sy bloed is vergiet tot versoening van al ons sondes. Wie gelowig die brood eet en die wyn drink tot gedagtenis aan Christus, kan verseker weet hy en sy is verlos en het die ewige lewe, want in die geloof het die Heilige Gees ons aan Christus se liggaam en bloed laat deel kry.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:12, 14 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u knegt!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.
- 14 Dan sal 'k wandel in die ruimte, / want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan / en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek, / daarin, HEER, verdiep ek my.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Junie 2013